NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 29 JANUARIE 2015 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)
Cleophas, J H (DA)
Cox-Bruintjies, Y S (TPICO)
Fortuin, C (ANC)
Geel, B W (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Papers, C H (DA)
Philander, D B (ANC)
Rangasamy, M (DA)
Sedeman, A C (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Traut, L (DA)
Van der Merwe, J I (COPE)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Ds J O'Kennedy van die NG-Moedergemeente, Malmesbury open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat gedurende Desember en Januarie verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C M Cloete.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

3.1 RAADSLIDVERGOEDING: 2014/2015 FINANSIËLE JAAR

Die Uitvoerende Burgemeester verwys na 'n omsendskrywe ontvang vanaf Minister Pravin Gordhan gedateer 23 Januarie 2015 waarin verduidelik word waarom die jaarlikse verhoging van raadslede se salarisse, toelaes en voordele nog nie bekend is nie.

'n Afskrif van vermelde omsendskrywe is aan raadslede voorsien.

VIR KENNISNAME

4./...

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 27 NOVEMBER 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 27 November 2014 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 15 OKTOBER 2014
saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 8 OKTOBER 2014

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 12 NOVEMBER 2014
saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 5 NOVEMBER 2014

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite as Rekenpligtige Beampte ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, in oorlegpleging met die bodbeoordelingskomitee, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 8 OKTOBER 2014

6.2 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 14 OKTOBER 2014

6.3 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 27 OKTOBER 2014

6.4 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 13 NOVEMBER 2014

6.4 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 18 NOVEMBER 2014

7. SAKE VIR BESPREKING

7.1 VOORLEGGING VAN KONSEP JAARVERSLAG: 2013/2014 FINANSIËLE JAAR (7/1/1/1 MY)

'n Afskrif van die konsep jaarverslag vir die 2013/2014 finansiële jaar is ingevolge artikel 127 van die MFMA ter tafel gelê.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat raadslede die jaarverslag, tesame met die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan as waardevolle inligtingsbronne kan benut om ingelig te wees aangaande die werksaamhede van die Munisipaliteit.

7.1/...

Die Uitvoerende Burgemeester gaan voort om hoogtepunte uit die jaarverslag toe te lig.

'n Nuwe databasisprogram is gedurende 2014 met behulp van *Teessen Konsultante* (deel van *Ignite*) ontwikkel uit fondse wat vanaf die Provinsiale Tesourier bewillig is. Die nuwe program sal nie slegs Swartland Munisipaliteit nie, maar alle ander munisipaliteite in die Wes-Kaap, in staat stel om 'n meer akkurate en geloofwaardige jaarverslag met wigte en teenwigte te genereer, wat nie voorheen deel uitgemaak het van Nasionale Tesourie se template nie.

Die Munisipale Bestuurder rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan me Kalthiemah Abrahams van die Kantoor van die Ouditeur-Generaal. Me Abrahams was die leier van die ouditspan en wens die Munisipale Bestuurder haar geluk met die effektiewe en doeltreffende wyse waarop die eksterne oudit hanteer was.

Die Munisipale Bestuurder gaan voort om sekere items uit die ouditverslag voor te hou.

Die Speaker gee geleentheid aan me K Abrahams om die Raad toe te spreek. Me Abrahams wens die Munisipaliteit geluk met die vierde agtereenvolgende skoon oudit. Me Abrahams noem dat die ouditspan se werk vergemaklik is deur:

- die samewerking en behulpsaamheid van amptenary;
- die stelsels wat in plek is;
- die interne oudit wat in plek is;
- die fokus op dienslewering aan die gemeenskap;
- die risikobestuur wat toegepas word deur die vroegtydige identifisering van risiko's en opvolg daarvan.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word (in die afwesigheid van een raadslid) –

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

(a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag vir die 2013/2014 finansiële jaar soos voorgelê in terme van artikel 127(2) van die MFMA, welke voorlegging in die "nuwe" formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 van 2012 van Nasionale Tesourie, gedoen is;

(b) Dat kennis geneem word van die opvolgaksies waaraan in terme van artikel 130 van die MFMA uitvoering gegee sal word, te wete –
  (i) die openbaarmaking van die jaarverslag;
  (ii) die rig van 'n uitnodiging aan die publiek om vertoë daaromtrent te rig;
  (iii) uitnodiging aan die publiek en die relevante staatsorgane om die spesiale raadsvergadering op 26 Maart 2015 by te woon, wanneer die jaarverslag en oorsigverslag bespreek sal word;
  (iv) voorlegging van die jaarverslag aan die Ouditeur-Generaal, provinsiale tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering;

(c) Dat die MPAC in terme van artikel 79(2)(d) van die Strukturewet, 1998 gemagtig word om adviserende lede wat nie lede van die raad is nie te koöpteer, ingesluit die volgende:
  - die eksterne finansiële ouditkomitee;
  - twee wykskomiteelede om op die prestasie-assesseringspaneel gekoöpteer te word;

(d) Dat lede van die wykskomitees ook 'n uitnodiging gerig sal word om (1) die MPAC-vergadering op voormelde datum en (2) die spesiale raadsvergadering op 26 Maart 2015 by te woon;

(e) Dat raadslede wat nie op die MPAC dien nie, kennis neem dat dit ook van hulle verwag word om hul eie evaluering van die jaarverslag te doen, onder andere in konsultasie met hul kiesers, wykskomitees en wyksverteenwoordigers om insette en kommentare aan te moedig vir oorweging by die volle raadsvergadering op 26 Maart 2015.

7.2 HALFJAARLIKSE BEGROTINGS- EN PRESTASIE-EVALUASIE (2/4/2)

Artikel 72(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA), Wet 56 van 2003, bepaal dat die rekenpligtige beampte teen 25 Januarie van elke jaar die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar moet evalueer.

Die Halfjaarlikse Begrotings- en Prestasie-evaluasie het op 21 Januarie 2015 voor die Uitvoerende Burgemeester gedien en word vir kennisname ter tafel gelê.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl R Rangasamy)

(a) Dat kennis geneem word van die Halfjaarlikse Begrotings- en Prestasie-evaluasie met betrekking tot die eerste helfte van die 2014/2015 finansiële jaar;

(b) Dat die voorgestelde wysigings aan die KPI's en teikens wat uit Hoofstuk 7 van die GOP voortspruit (soos vervat in die tabel onder paragraaf 1.6) goedgekeur word.

7.3 AANSUIWERINGSKAPITAAL EN –BEDRYFSBEGROTING VIR DIE 2014/2015 FINANSIËLE JAAR (5/1/4, 5/1/1/1-12/13, 5/1/1/2-12/13)

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester om ingevolge artikel 28 van die MFMA die Aansuiweringsbegroting vir die 2014/2015 finansiële jaar ter tafel te lê.

Die Uitvoerende Burgemeester behandel die verslag en verwys na die vereistes waaraan 'n aansuiweringsbegroting moet voldoen.

Rdl F S Humphreys, met verwysing na die onderspandering van fondse vir die omheining van die Darling begraafplaas, versoek dat fondse bewillig moet word vir die opgradering van fasiliteite by genoemde begraafplaas, aangesien daar nie drinkwater is nie, geen toiletfasiliteite en onvoldoende parkering.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat die beplanning rondom die opgradering van die Darling begraafplaas in die 2015/2016 finansiële jaar sal geskied.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word (in die afwesigheid van een raadslid) –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

A: <u>Ten aansien van die 2013/2014 finansiële jaar:</u>

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die oordra van ongespandeerde fondse vanaf staatstoekennings wat alreeds deur Provinsiale Tesourie geodgekeur is t.o.v. die 2013/2014 finansiële jaar, soos aangedui in die Raad se finansiële state op 30 Junie 2014 (Aanhangsel D);

B: <u>Ten aansien van die 2014/2015 finansiële jaar:</u>

(b) Dat goedkeuring verleen word vir die virement van fondse tussen kapitaalprojekte soos aangedui in Aanhangsel A van kapitaalitems ten opsigte van die Aansuiweringskapitaalbegroting vir 2014/2015, asook ongespandeerde kapitaal en nuut voorgestelde projekte vir 2014/2015 as gevolg van die noodsaaklikheid daarvan;

(c) Dat die nodige statutêre dokumentasie afgehandel word in terme van die MFMA en dat die Nasionale en Provinsiale Tesourie dienooreenkomstig ingelig word;

(d) Dat die aanpassing geen verhoogde finansiële implikasie vir die Raad inhou in terme van verhoogde tariewe vir die 2014/2015 finansiële jaar nie, maar het die aansuiweringsbegroting wel 'n positiewe vermindering in die tekort van R30 929 516 na R15 542 704;

7.3/...

(e) Dat die ongemagtigde bestedings soos hierbo vermeld ingevolge artikel 32 van die MFMA na die 2014/2015 Aansuiweringsbegroting verwys word;

(f) Dat goedkeuring verleen word om die kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2014/2015 as volg te wysig:

	Oorspronklike Begroting	**Aansuiwerings-begroting**
Kapitaal:	R 81 073 971	R 107 495 708
*Bedryfsuitgawe:	R 508 577 747	R 558 781 947
*Bedryfsinkomste:	R 477 648 231	R 543 239 243
Surplus/(Tekort):	(R 30 929 516)	(R 15 542 704)

**Dat die Raad kennis neem dat die finale inkomstes en uitgawes soos gerapporteer in die B-skedules aan Nasionale en Provinsiale Tesourie sal verskil van die syfers in ProMun, omrede die departementele kostes verskillend bereken word. Nieteenstaande bly die resultaat in terme van die surplus en tekort onveranderd.*

7.4 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ONROERENDE MUNISIPALE EIENDOM: ERF 1653, CHATSWORTH (12/2/B)

Die Munisipaliteit is onlangs deur ‘n ontwikkelaar genader wat belangstel om ‘n erf op Chatsworth te bekom vir die ontwikkeling van ‘n winkelkompleks.

‘n Geskikte perseel is geïdentifiseer, naamlik erf 1653 (groot, ±2 807m²), geleë op die h/v Malmesburyweg en Sewendelaan, Chatsworth wat ook reeds vir besigheidsdoeleindes gesoneer is. Erf 1653 se munisipale waardasie is tans R95 000,00.

Daar word voorgestel dat tenders met ontwikkelingsvoorstelle gevra word vir die ontwikkeling van erf 1653, Chatsworth, in ‘n poging om te verseker dat welke ontwikkelingsvoorstel ookal suksesvol sal wees, dit optimaal tot voordeel van die gemeenskap sal wees en die potensiaal van die grond ten beste benut.

BESLUIT
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

(a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat tenders met ontwikkelingsvoorstelle gevra word vir die vervreemding van erf 1653, Chatsworth soos aangetoon op Aanhangsel A tot hierdie verslag;

(b) Dat kennis geneem word dat die eiendom wat vervreem staan te word, nie vir die verskaffing van ‘n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;

(c) Dat die munisipale waardasie as reserweprys (BTW uitgesluit) vir die eiendom vasgestel word, welke reserweprys deur die Raad geag word die markwaarde daarvan billik te reflekteer;

(d) Dat volmag verleen word
(i) <u>aan die Munisipale Bestuurder</u>
- om te besluit of die mededingende bodproses ‘n een- of twee-fase bodproses sal behels;
- om, indien die twee-fase bodproses gevolg word, ‘n komitee aan te wys om die ontwikkelingsvoorstelle in die eerste fase te oorweeg;

(ii) <u>aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee</u> om die hoogste monetêre aanbod te oorweeg vir aanvaarding al dan nie;

(iii) <u>aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste</u> om die tenderkriteria en voorwaardes van verkoop te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, asook die raadsprokureur te Malmesbury;

(e) Dat die voorgenome vervreemding van bogemelde eiendom in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom geadverteer word vir beswaar/kommentaar.

7.5 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN 'N GEDEELTE NYWERHEIDSGROND (ERF 1401) TE DARLING (12/2/5/5-3/1)

Die eienaars van *Darling Brew* het onlangs erf 1016 (groot 3 591m²), geleë in Caledonstraat, Darling aangekoop met die doel om hulle fabriek vanaf Kaapstad na Darling te verskuif.

Ten einde 'n volwaardige brouery te vestig, met 'n proelokaal en restaurant, word aansoek gedoen om 'n gedeelte (groot ±3 935m²) van die aangrensende munispale grond aan te koop.

Rdl A M Sneewe spreek haar kommer uit dat daar geen waarborg bestaan dat die 45 werksgeleenthede gevul sal word deur inwoners van Darling nie. Dit is die ondervinding, met verwysing na die hoenderfabriek, dat werkers aangery word en gevolglik word plaaslike inwoners 'n werksgeleentheid ontneem.

Die Munisipale Bestuurder noem dat voormelde nie as 'n verkoopsvoorwaarde gestel kan word nie, maar dat die eienaars beroep word om, waar die kundigheid bestaan, voorkeur aan plaaslike inwoners van Darling te gee.

Die Uitvoerende Burgemeester, sowel as rdl M Rangasamy wat betrokke is by die projek, noem dat die vestiging van *Darling Brew* tot groot voordeel van die Darling gemeenskap gaan wees.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl J H Cleophas)

(a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat 'n gedeelte (groot ± 3 935 m²) van erf 1401, Darling uit-die-hand uit aan Darling Brew (die eienaar van erf 1016, Darling) vervreem word;

(b) Dat kennis geneem word dat die gedeelte grond vir nywerheidsdoeleindes gesoneer is en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;

(c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding van die betrokke gedeelte grond, sonder om 'n openbare mededingingsproses te deurloop:
  (i) Erf 1401, Darling is ontoeganklik vanaf die noordekant, en die konsolidasie daarvan met erf 1016 sal teweeg bring dat toegang vanuit Caledonstraat bewerkstellig sal word;
  (ii) Die ontwikkelaar van erf 1016 beskik oor die vermoë en is in staat om onmiddellik, indien die betrokke gedeelte van erf 1401 aan hom vervreem word, 'n geraamde ontwikkeling van sowat R50 miljoen van stapel te stuur, waaruit na verwagting sowat 45 werkgeleenthede tot voordeel van die gemeenskap van Darling geskep sal word;
  (iii) Versuim om die versoek te akkommodeer mag daartoe aanleiding gee dat die besigheid hul planne mag wysig, en moontlik nie na die Swartland munisipale gebied sal verskuif nie.

(d) Dat volmag verleen word aan die Munisipale Bestuurder om, vir bekragtiging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, die verkoopprys vir die grond te mag onderhandel met die voornemende koper, welke verkoopprys billike markwaarde moet reflekteer en minstens gelykstaande moet wees aan die munisipale waardasie van die gedeelte grond;

(e) Dat die voorgenome uit-die-hand vervreemding van bogemelde eiendom in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom geadverteer word vir beswaar/kommentaar;

(f) Dat dit 'n voorwaarde van verkoop sal wees dat die gedeelte van erf 1401, Darling met die koper se erf (erf 1016) gekonsolideer moet word vir die rekening van die koper, en dat die koper verder verantwoordelik sal wees vir alle kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, ingesluit die kostes rakende die onderverdeling van erf 1401, die opstel van 'n verkoopooreenkoms, ens.

7.6 AFBAKENING VAN WYKE VIR DIE 2016 PLAASLIKE VERKIESING (17/17/1/1)

Die Munisipale Bestuuurder bevestig dat die Minister van Plaaslike Regering, met die oog op die 2016 plaaslike verkiesing, bepaal het dat Swartland Munisipaliteit weereens 23 raadslede sal hê, opgedeel in 12 wyksraadslede en 11 proporsionele raadslede.

Die Munisipale Afbakeningsraad het ‘n norm bepaal vir die toegelate kiesers per wyk wat meebring dat van die wyksgrense in die Swartland munisipale gebied gewysig moet word.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik die toepassing van die norm en watter wyksgrense hierdeur beïnvloed word. Raadslede word versoek om kennis te neem van die openbare vergadering op Maandag, 23 Februarie 2015.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat kennis geneem word van die openbare vergadering wat op Maandag, 23 Februarie 2015 om 10:00 in die Banketsaal, Malmesbury sal plaasvind, waartydens die Munisipale Afbakeningsraad (MAR) met die publiek sal konsulteer oor die voorgestelde (WC015) wyksgrense vir doeleindes van die 2016 plaaslike verkiesings;

(b) Dat kennis geneem word dat raadslede asook ander belanghebbende en geaffekteerde partye welkom is om die vergadering by te woon.

7.7 VERSLAG AANGAANDE DIE FUNKSIONERING VAN WYKSKOMITEES VIR DIE TWEEDE SEMESTER VAN 2014 (3/4/4/1)

‘n Opsomming aangaande die funksionering van wykskomitees gedurende die periode Augustus tot Desember 2014 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die aangehegte verslag aangaande die funksionering van wykskomitees vir die tweede semester van 2014;

(b) Dat kennis geneem word dat daar nog leemtes bestaan ten opsigte van die bywoning van sektorale vergaderings deur wykskomiteelede en terugvoering daarvan op ‘n kwartaallikse basis aan die onderskeie wykskomitees en dat wyksraadslede die verantwoordelikheid neem om lede aan te moedig om hieraan te voldoen;

(c) Dat wyksraadslede poog om ten minste twee publieke vergaderings in 2015 te hou om terugvoering aan die gemeenskap te gee aangaande die werksaamhede van wykskomitees, en ook die deurgee van algemene inligting van toepassing op die onderskeie wyke;

(d) Dat die *Ward Operational Plans* vir 2015 opgestel word en teen einde Maart 2015 aan die Provinsiale Departement van Plaaslike Regering deurgegee word;

(e) Dat die vakatures deur geskikte persone gevul word ten einde te verseker dat die wykskomitee verteenwoordigend is en korrek funksioneer.

7.8 GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE: VERKLARING VAN BELANGE (3/1/1)

Ingevolge item 7 van die Gedragskode vir Raadslede moet raadslede binne 60 dae na hul verkiesing, asook jaarliks daarna, hul finansiële belange op skrif verklaar, asook geskenke wat in waarde die bedrag van R1 000,00 oorskry.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

(a)/...

7.8/...

(a) Dat raadslede kennis neem dat enige veranderinge in die aard of detail van die finansiële belange van ‘n raadslid soos na verwys in Item 7 van die Gedragskode vir Raadslede, **jaarliks op skrif aan die Munisipale Bestuurder verklaar moet word**, ingesluit geskenke wat deur ‘n raadslid ontvang word en wat in waarde R1 000,00 oorskry;

(b) Dat kennis geneem word dat enige wysigings van die besonderhede soos na verwys in paragraaf (a), teen nie later nie as 4 Februarie 2015 by die Direkteur: Korporatiewe Dienste ingedien moet word.

GETEKEN:
SPEAKER